



Twee Amerikaners, mnre. Kip Cullers en David Hula, wat die wêreld se opbrengsrekords vir onderskeidelik sojabone en mielies opgestel het, het hul kennis aan Suid-Afrikaanse boere kom oordra. Van links is mnre. Cullers, Ruben Venter (Pioneer), Hula en Manfred Götzke (BASF).

STANDERTON

Aanleg vir biobrandstof op die kaarte

'N AANLEG om biobrandstof van sojabone te vervaardig, kan by die nuwe oliepers op Standerton gevoeg word sodra die Regering sy planne oor alternatiewe brandstowwe afghandel het.

Mnr. Adriaan (Tollie) Schoeman van die internasionale Noble-groep sê die aanleg waar sojabone verwerk word, is op Standerton voltooi. Daarvoor het hulle 'n uitgediende melkfabriek gekoop en dit aangepas.

Die aanleg het die vermoë om 1 500 ton sojabone per dag te verwerk en dit kan tot 2 000 ton verhoog word. Die verwerkte produkte bestaan uit 72% meel, 19% olie en 6% voerkorrels.

Die groep is onder die 100 grootste maatskappye ter wêreld en het belange in 38 lande. Die omset verlede jaar was sowat 'n R1 000 miljard. Hulle is in die hele ketting betrokke, vanaf die verskaffing van finansiering aan boere tot die pers en bemarking van sojabone. In Suid-Afrika is hulle self ook betrokke in vennootskappe met boere wat gewasse op 42 000 ha plant.

Schoeman sê die aanleg kan uitgebrei word om ook 'n klein aanleg in te sluit vir die vervaardiging van biobrandstof. Só 'n uitbreiding hang egter af van die Regering se planne oor alternatiewe brandstowwe.